Wes-Kaapse Regering

Wes-Kaapse Onderwysdepartement
**Ivan Fortuine**
Direktoraat: Kurrikulum VOO
Ivan.Fortuine@westerncape.gov.za | 021 467 2082

Lêerno.: 22/2/6/1
Verwysing: 20240722-5371

Kurrikulum VOO-minuut: 0006/2024

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Hoofde: Kurrikulumondersteuning, Kringbestuurders, Hoofde: Bestuur en Beheer, Vakadviseurs en Prinsipale van hoërskole

**Onderwerp: Vakkeuses vir graad 9-leerders**

1. Namate ons die einde van die huidige akademiese jaar nader, is dit belangrik dat alle graad 9-leerders hul vakkeuses vir die komende skooljaar begin oorweeg. Hierdie keuses is van die uiterste belang omdat dit die leerders se akademiese rigtings en toekomstige loopbaangeleenthede sal beïnvloed.

2. Om die regte vakke in graad 9 te kies is 'n groot besluit wat 'n belangrike rol in leerders se akademiese rigting op hoërskool en die pad vorentoe sal speel. Dit is noodsaaklik dat leerders vakke kies wat nie net met hul belangstellings en sterkpunte ooreenstem nie, maar ook hul toekomstige opvoedkundige en loopbaanaspirasies ondersteun. Leerders moet ingelig word van die verskil tussen Wiskunde teenoor Wiskundige Geletterdheid.

3. Prinsipale en skoolbestuurspanne moet 'n aanduiding gee van die beskikbare vakke wat by hul skool aangebied word om sodoende vir die uiteenlopende belangstellings en talente van hul leerders voorsiening te maak.

4. Ten einde leerders te help om ingeligte besluite te neem, moet skole die volgende onderneem:
   - **Inligtingsessies:** Vakopvoeders moet breedvoerige uiteensettings van elke vak verskaf, wat die kurrikuluminhoud en assesseringsmetodes insluit. Datums en tye vir hierdie sessies moet so gou moontlik bekendgemaak word.
   - **Voorligtingsberading:** Voorligtingsberaders, graadhoofde of opvoeders wat Lewensoriëntering aanbied, moet een-tot-een sessies met leerders reël om hul belangstellings, sterkpunte en loopbaandoelwitte te bespreek en hulle te help om die mees geskikte vakke te kies.

- **Ouer-/voog-opvoeder-vergaderings:** Ouers/voogde moet aangemoedig word om 'n vergadering by te woon om hul kind/pleegkind se vordering en vakvoorkeure met opvoeders te bespreek. Sou leerders hul studies aan universiteite wil voortsit, moet daar tydens hierdie vergaderings klem gelê word op hoe belangrik dit vir leerders is om hard te werk en die beste moontlike punte in vakke te behaal omdat universiteite se vereistes dikwels strenger is en beter punte vereis as wat hul toelatingsbeleid spesifiseer.

5. Belangrike datums wat in aanmerking geneem moet word, sluit in:
   - Inligtingsessies, waar leerders die belangrikheid van hul vakkeuses begryp en aangemoedig word om hard te werk en by hul aanvanklike vakkeuses te hou eerder as om dit in 'n latere stadium te verander.
   - Die verspreiding van die vakkeusevorms.
   - Die sperdatum wanneer die vakkeusevorms ingedien moet word.

6. Elke leerder moet 'n vakkeusevorm tydens die inligtingsessies ontvang. Maak seker dat die vorm deur die leerder sowel as die ouer/voog voltooi en onderteken is voordat dit ingedien word. Die volledig voltooide vorms moet teen die vasgestelde sperdatum ingedien word.

7. Daar word vertrou dat graad 9-leerders ná deeglike oorweging en leiding ingeligte besluite sal neem wat 'n sterk grondslag vir hul toekomstige studies en loopbane sal lê.

8. 'n Konsepriglyn vir vakkeuses kan gevind word by: https://rb.gy/tg02lg

9. Vir meer inligting kan Ivan Fortuine, Hoofonderwyskundige: Lewensoriëntering en Religiestudies, gekontak word by e-posadres: Ivan.Fortuine@westerncape.gov.za of telefoonnommer: 021 467 2082.

10. Prinsipale word versoek om die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van personeel en leerders te bring.

**GETEKEN:** BJ LORISTON
**ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM EN ASSESSERINGSBESTUUR**
**DATUM:** 2024-08-15